

Inhoud Die diepste greep van sonde en die mag wat die mens die mens van God vervreem, is skaamte. Die diepte van skaamte is die vrees dat God Hom vir my skaam. Skaamte gaan oor die werklikheid dat my Skepper vir my as mens skaam is vir wie en wat ek is, en dat Hy skaam is om my God genoem te word. In die afgodsdienste van die moderne Christelikeheid verkondig hulle 'n nuwe god: hierdie god het skaamteloos geword vir sondaars in hulle sonde. God het nie meer 'n afkeur in die sonde van sondaars nie. Hy self het 'n skaamtelose God geword. Met hierdie nuwe skandegod omhels mense hulle eie onheiligheid, om skandelijke drifte as ware liefde te glo. Christus het in ons plek mens geword om die skaamte van ons verwronge liefdes, ons misplaasde liefdes en ons skewe liefdes op Hom te neem sodat Hy ons onheiligheid met sy heiligheid as mens kan bedek. In sy barmhartigheid bedek Hy ons skaamte en maak ons weer innerlik verbonde aan liefde wat liefde en nie begeertes is nie. So help Hy ons uit ons skaamte om trots mens vir god in heiligheid te wees.

1. Ps. 23 verse 1,2,3 (TT Cloete)

2. Skriflesing: Hebreërs 2

"¹⁰God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlijkheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. ¹¹Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie. ¹²Hy sê tog: "Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing." ¹³Ook sê Hy: "Ek sal altyd op Hom vertrou." En verder: "Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het." ¹⁴Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig ¹⁵en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry. ¹⁶Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. ¹⁷Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. ¹⁸Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word. "

3. Tafel in gereedheid: Lied 297: 1,2,3

Deel tekens uit en mannekoor sing

Gebruik van tekens saam

4. Lied 389: 1,2,3

PJ Kriel

01.03.2015

Teks: Heb. 2:11: *“Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie.”*

Tema: God skaam Hom nie om ons God te wees nie, daarom skaam ons ons vir sonde

1. Die diepste greep van sonde en die mag wat die mens die meeste van God vervreem, is skaamte.

Dit word kragtig geopenbaar in die verkondiging van Adam en Eva se sonde. Hulle kan nie meer met God wandel nie, maar kruip vir God weg omdat hulle skaam is.

Hierdie vrees in skaamte moet u nie verkeerdelik eensydig sien as die mens se skaamte oor en vir sy sonde nie. Skaamte is 'n gebeurtenis tussen persone. Daarom is die diepte van skaamte die vrees dat God Hom vir my skaam.

Dit is wat deur hierdie teks aan die orde gestel word: Jesus skaam hom nie om ons Sy broers en susters te noem nie, bedoelende Hy skaam hom om ander wat Hy nie geheilig het nie, Sy maaksels te noem.

Skaamte gaan oor die werklikheid dat my Skepper vir my as mens skaam is vir wie en wat ek is, en dat Hy skaam is om my God genoem te word.

Dit gaan oor hierdie diepe afkeur in God dat Hy as God op enige manier verbind kan word, of verdink kan word dat Hy my gemaak het soos ek in my sonde is, dat Hy as God deel is van die wie en wat mense in hulle sonde is.

2. Daarom is God se afkeur in sonde die rede vir sondaars se skaamte in hulleself vir wie en wat hulle in hulle sonde is.

Dit is waarvoor mense dan in skaamte vlug. Skaam mense kruip as mense vir mekaar weg as gevolg van die afkeur wat mense in mekaar het as sondaars!

Skaam mense vlug vir God in die vrees vir sy afkeur as God vir wie en wat ek is. Hiervoor kruip ek vir God weg!

3. Dit is teenoor hierdie kragtige werking van hierdie mag van sonde dat hierdie besondere aankondiging oor die Here gemaak word in die boek Hebreërs:

“Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers (en susters) te noem nie!”

Watter rede?

Om hierdie rede: *“Hy wat heilig maak sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een Vader.”*

Omdat Jesus Christus ons heilig maak en ons werklik geheilig word, het God nie meer 'n afkeur in ons nie. Is God nie meer skaam om ons God te wees nie.

4. U mag hierdie Evangelie nie verkeerd hoor nie.

Hierdie Evangelie word vandag verdraai om presies iets anders te beteken as wat die Woord ooit God verkondig.

Vandag word dit deur predikers in goddeloosheid en in afgodsdienste só verkondig: God het skaamteloos geword vir sondaars in hulle sonde. God het nie meer 'n afkeur in die sonde van sondaars nie. God verheerlik Homself in die slegtheid van mense se sonde asof dit niks anders is as ware liefde nie.

Daarom kan God homself nou verheerlik in die persvershede van homoseksuele liefde of die losbandige liefde van mense wat ongetroud saamleef.

Hierdie skaamtelose god wat geen afkeur meer het in sonde nie, is die god van afgodsdienstdienaars en goddeloses!

5. Die rede hoekom God Homself nie meer vir ons skaam en in ons 'n afkeur het nie, is nie omdat God Homself nou in en deur sonde laat verheerlik asof Hy dit as liefde vier nie.

Die rede dat Jesus nie skaam is vir ons nie, is omdat Hy ons heilig maak!

Dit is die hart van die Evangelie:

- Hy word nes ons 'n mens van vleis en bloed, regte mens na liggaam, siel en gees.
- Dit is wie Christus vandag nog steeds is. Dit is nie iets wat Hy was nie. Om werklik vandag 'n barmhartige en getroue hoëpriester vir mense te wees, moet Hy net soos hulle vir wie hy vandag hoëpriester is, mens wees. Dit is wat bedoel word dat Hy aan die regterhand van God gaan sit het na Hy uit die dood as mens opgestaan het.
- Maar Hy moet meer as net mens van vleis en bloed wees. Hy moet in elke opsig aan sy broers en susters gelyk word.

6. Hy moet deel in die skaamte van hulle verwronge liefdes, hulle misplaasde liefdes en hulle skewe liefdes. Want dit is wat hulle onheiligheid behels, om skandelijke drifte as ware liefde te glo en uit te leef.

Die woord 'heiligheid' het al so inhoudloos geraak weens ons ligsinnigheid oor liefde, dat dit vandag iets beteken soos 'bonatuurlik'.

Maar 'heiligheid' in die Bybel beteken 'volkome in die liefde waarin en waarvoor God die mens gemaak het'. 'Heilig' is om volkome in volle liefde te leef vir God en jou naaste.

Daarom beteken 'onheiligheid' om in jou liefde, soos liefde volkome en volmaakte liefde is, misplaas, verwronge en skeef te wees.

Ook hierin moes Christus aan ons gelykvormig word, nie deur self in hierdie verwronge en misplaasde liefde te leef nie, maar ons s'n met ons te deel terwyl Syne volkome is.

'Gelyk te word' beteken dat Hy dit wat ons is, op Hom neem as barmhartige en getroue Hoëpriester. Hy deel dit met ons in gelykvormigheid sodat dat Hy dit in Homself is.

7. Hierdie magsdaad van Christus bevry ons van die mag van die Bose: *"Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig ¹⁵ en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry."*

Die mag van die Bose is nie magiese kragte nie. Dit is die Wet van God. (1 Kor. 15:56) Dit is deur die Wet van God dat God 'n afkeur het in sonde, en in my oortreding van die Wet vervreem ek myself in my skaamte van God vir sy afkeur van God self.

Dit is God se afkeur in my verwronge en misplaasde liefdes wat my in skaamte vir God laat vlug, terwyl ek gemaak trots Sy bestaan ontken.

Christus se magsdaad bevry ons van hierdie mag van die Bose: om ons trots in ons skaamte te maak vir God. Want Hy self het in die skaamte van God vir sondaars met hulle verwronge liefdes gesterf.

Wie het vir wie aan die kruis weggekruip?

Dit is tog wat die godverlatenheid van Christus aan die kruis beteken: God die Vader laat Hom nie ken deur sy eie Seun nie. Die skaamte van God in Sy afkeur in die sonde van sondaars, maak dat Hy Hom onttrek van Christus aan die kruis.

8. Dit stel Christus as Here vandag in hierdie posisie van heerskappy: Hy is self versoek deur verwronge en misplaasde liefdes, maar het nie daaraan toegegee nie. Hy het heilig in Sy liefde as mens gebly.

Hierdie nuwe genade-heerskappy van die Here word dan so aangekondig: nou kan Hy help.

Hy kan die mense wat deur hierdie skandelige liefdes versoek word en daaraan toegee, help.

Sy heerskappy is die van barmhartigheid. Hy bedek en bekleed ons skaamte. Dit doen Hy deurdat Hy ons skaamte voor God ingeneem het, en die afkeur van God vir ons onheiligheid op Hom geneem het, aan die een kant.

Aan die ander kant sluit Hy ons in en laat ons deel in die heiligheid van die volkome menslike liefde wat Hy as mens leef. So word ons vir God geheilig en is Hy wat self heilig as mens is, en ons wat in Sy heiligheid geheilig word, almal uit Een Vader.

9. Hierdie barmhartigheid word op verskeie plekke in die Nuwe Testament beskryf as nuwe klere en 'n nuwe kleed waarmee God ons aantrek.

Hierdie beeld gaan oor die verflenterde klere van iemand soos 'n boemelaar wat só stukkend is dat dit nie meer die boemelaar se naaktheid bedek nie. Daarom die skaamte om met klere rond te loop waar my naaktheid openbaar is en ek in die afkeur van hulle leef wat my in my naaktheid raaksien.

Christus se barmhartigheid is dat Hy ons met Sy klere aantrek en so alle skande beklee met die heerlijkheid van Sy heiligheid. Wie met Hom beklee is, wys die heiligheid van die Here se volkome menslike liefde.

Sy heiligheid waarin hy my laat deel en mee beklee, bedek alle skandelikheid voor God en neem alle afkeur in God teenoor my weg.

Daarom beklee Hy my met hierdie waardigheid dat Hy hom nie vir my skaam nie, maar in Sy heerlijkheid om in die eer van die Vader te leef, te laat deel.

10. God het nie skaamteloos vir ons sondes geword nie.

God het nie Sy afkeur in sonde verloor en op een of ander verwronge manier Homself in ons sonde begin verheerlik nie.

Hy het ons skaamte bedek met die heiligheid van Christus.

Daarom kondig die Woord van God aan: Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit een Vader.

God verneder ons nie in Sy afkeur in ons sonde nie, Hy verheerlik ons in die heiligheid waarmee Hy ons beklee.

En dit is die werklike bevryding van die mag van sonde: die Here is nie skaam om ons Here genoem te word nie, en daarom is ons bevry van ons eie skaamte vir God oor ons sonde. Ons kan weer met God wandel in die heerlijkheid van Sy guns.

11. Hoe diep hierdie bevryding is, kan ons net werklik sien as ons dit teenoor die gewaande vryheid van goddeloosheid stel.

Wat maak boemelaars met hulle naaktheid wat wys deur hulle verflenterde klere?

Hulle maak hulle skande hulle trots!

Dit is hoe Paulus hulle verwronge eer beskryf in Filippense 3:19. Skaamteloos in die sonde wat ek is en uitleef, met die verwronge selfbeeld om myself in my skande te verheerlik.

Daarom loop hulle verflenterd só rond dat jý die een is wat in skaamte moet wegkyk, en hulle nie die mense is wat uit skaamte moet wegkruip nie. Dit is die mag van sonde wat al meer en meer in ons gemeenskap opgebou word: ons skande is ons trots, en mense wat nie in hierdie skande deel nie, moet skaam wees oor hulle afkeur in die sonde waarin ek my verheerlik.

God skaam Hom nie om ons God te wees nie, daarom skaam ons ons vir sonde

Jy moet jou skaam omdat jy 'n afkeur het in dronkenskap en swelgpartytjies, en jy moet leef in die afkeur van mense dat jy nie in hierdie skande wil deel nie.

Jy moet jou skaam dat jy 'n afkeur het in verwronge en perverse liefdes wat al meer en meer as ware liefde verheerlik word, omdat jou afkeur wys op jou engheid en benepenheid.

Jy moet jou skaam omdat jy 'n afkeur aan die vertoon van rykdom en mag het, omdat jou afkeur niks anders as jaloesie is uit jou versukkeldheid en armoedigheid nie.

Jy moet jou skaam voor God, hierdie skaamtelose God wat Homself verheerlik in die verwronge en skewe liefdes van mense. Jy moet jou skaam vir God wat 'n afkeur het in sonde as die liefdelose god van jou eie voorkeure.

Jy moet jou ook in jou verflenterde klere, met die vertoon van jou eie naaktheid as jou heerlikheid, ten toon stel. Jou skande moet ook die trots van jou skandegod wees.

Jy moet jou skaam vir God wat sondaars heilig!

Wat is hierdie vertoon en verheerliking van 'n skaamtelose God anders as die wegvlug van en voor die Heilige God wat Heilig is en heilig maak?

Wat is dit anders as die wegkruip vir die Heilige God met wie ek nie meer in my onheiligheid kan wandel nie?

12. Christus in Sy barmhartigheid bevry ons van hierdie skandegod en die mag van hierdie skandegod dat ons maar niks anders kan doen as om ons skande ons trots te maak nie.

Hierdie barmhartigheid sien u in die Nagmaalstafel.

Die Here keer en verbreek hierdie mag deur self die skande en skaamte van ons sonde te word in Sy naaktheid en verlatenheid aan die kruis. Hy neem ons plek in die afkeur van God wat Hom verlaat – dit sien u in die brood wat gebreek is en die wyn wat uitgegiet is.

Die brood en wyn wat u eet en drink is die wyse waarop God u met Christus bekleed: Hy laat ons deel in wie Christus is, as mens heilig in Sy liefde vir God en Sy naaste, en deur te deel in wat Hy as mens is, Sy liggaam te eet en te drink, word ons geheilig.

Ons vlug nie in skaamte voor die Heilige nie. Die Heilige heilig ons sodat Hy Hom nie skaam dat ons Sy broers en susters is nie.

Wie Christus is hierdie geloof omhels, leef in die nuwe vreugde van wyn en die nuwe krag van brood. In hierdie heiligheid waarmee ek bekleed is, kan my skande nooit weer my trots wees nie. Inteendeel, met hierdie klere sien en vuil gou raak en skaam ek my oor vuilheid omdat ek heilig is.

God skaam Hom nie om ons God te wees nie, daarom skaam ons ons vir sonde

Ons leef nie skaamteloos met 'n skandegod nie. Ons leef rein as geheiligdes voor die Heilige!

Neem die brood en wyn as tekens dat God u met Christus bekleed en u geheilig in Christus, die Heilige, vrymoedig en sonder skaamte Hom u Vader mag noem, as u Vader mag aanroep, voor hom as U Vader mag leef en met Hom as Vader mag wandel.

Hy wat ons heilig en ons wat deur hom geheilig word, is almal uit een Vader!